BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Bergrede: Beginsels vir Christene

# Deel 2 – Egbreuk, Egskeiding, Egtheid

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Mense het altyd gesê, *Jou Woord is jou Eer.* Hoekom dink jy het dit so maklik geword dat mense nie meer hulle beloftes aan mekaar hou nie?**

**Hoekom dink jy het die Bybel so hoë standaard vir reinheid in Christene se lewe? Hoe bemoeilik hierdie wêreld die uitleef daarvan?**

**Die sewende gebod sê dat jy mag nie egbreuk nie. Met ander woorde, geen seksuele aktiwiteite buite die verbondsverhouding van die huwelik tussen man en vrou nie. Hoe dink jy sou die wêreld anders gelyk het as mense net hierdie gebod nagekom het?**

**Lees Spreuke 5:1-23 en 7:6-27 en beantwoord die vrae:**

**Wat is die kontras wat getrek word in Spreuke 5:5-6? Hoe stem dit ooreen met Deuteronomium 30:19 en Johannes 10:10?**

**Spreuke 5:5-6, 9, 11, 13-14, 22 en Spreuke 7:22-23, 27. Wat is die einde van die verkeerde pad in hierdie gedeeltes? Hoe sien jy dit uitspeel in ons wêreld vandag?**

**Spreuke 5:21 en Hebreërs 4:13. Hoekom is dit goed om onsself gereeld aan hierdie waarheid te herinner?**

**Kolossense 3:5-6. Wat is aardse dinge in jou lewe wat nog dood gemaak moet word? Hoe maak 'n mens hierdie aardse dinge dood?**

**Romeine 8:1, 33-34. Hoekom moet ons as Christene hierdie waarhede onthou? Wat dink jy beteken "*GEEN veroordeling*"?**

**Lees 1 Johannes 1:9 en Handelinge 3:19. Wat is die gevolg van bekering? Hoe verskil dit van veroordeling?**
**Bid Psalm 139:23-24 en kyk wat die Here vir jou uitwys in jou lewe wat jy moet bely, neerlê en waarvan jy jou moet bekeer.**

**Lees Jakobus 5:16. Genesing en vryheid kan gebeur wanneer ons ons sonde, foute en verlede bekend maak en aan die lig bring. Is daar dalk iets wat jy met jou GROEP of individue in jou groep moet deel sodat jy gesond kan word en vryheid kan beleef in die area van reinheid? Wat moet jy hierdie week doen?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**